Dinsdag 4 Augustus
Skrifgedeelte: Psalm 5:1-13
Fokusgedeelte: Psalm 5:4
Wag op ons HERE – Hy duld nie onreg nie

Wie het nie al die pyn en hartseer van onreg in sy/haar lewe ervaar nie? Dit gebeur wel dat jy verontreg kan voel, maar die persoon wat die onreg teenoor jou pleeg, nie werklik besef wat hy/sy doen of gedoen het nie. Wat leer ons uit Psalm 5 oor die hantering van onreg?

Dawid sing in hierdie psalm van onreg wat teenoor hom gepleeg word, maar hy rig sy nood op die HERE. In vers 4 stel hy: *"... in die oggend lê ek my saak aan U voor, en wag."* Dawid beleef die liefdelose, wrede optrede van mense. Wat doen hy? Hy wag op die HERE, sy volle vertroue is op sy HERE wat geen onreg duld nie, ons God duld geen goddeloosheid nie (vs 5).

Wanneer ons onreg beleef, is die wonderlike belofte in die psalm dat ons HERE nie onreg oorsien nie, maar dat Hy daarmee handel op sy tyd en op sy manier. Moet ons alles dan maar so laat en vergewe en probeer vergeet? Nee, al is dit hoe moeilik, konfronteer op liefdevolle wyse die persoon wat onreg teenoor jou doen sodat hy/sy bewus kan wees van die onreg wat gepleeg word. En dan: Bid dat die Heilige Gees in die hart van die persoon werk om die onreg reg te stel.

Wag, wag in die geloof dan op ons HERE, want die wag is 'n geloofsdaad omdat jy op jou HERE vertrou. Dan gebeur iets, soos by Dawid in die laaste vers van Psalm 5. Hy sing: *"Want U, HERE, U seën die regverdige, as 'n skild omring u hom met welwillendheid."* Is jy 'n regverdige? Ja, wie glo, word vrygespeek/regverdig verklaar op grond van Jesus Christus se sterwe aan die kruis (Rom. 1:17). Daarom sal jy omring word met welwillendheid.

*Sing: Psalm 68-1:3*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*